# KOMPETISIES VAN DIE LAERSKOOL LYNNWOOD SE OUERVERENIGING, 1988

Teen die einde van verlede jaar het die Kultuurkomitee van hierdie ouervereniging in Pretoria twee kompetisies afgehandel, nl.:

★ 'N OPSTELWEDSTRYD VIR ST. 2 – 4.
★ 'N KOMPETISIE VIR EIETYDSE GEBEURE VIR ST. 5.

Boekpryse en diplomas was op die spel en gedurende dié feesjaar het die onderskeie standerds aan die volgende breë temas gewerk:


ST. 2: DIRKIE UYS AS KINDERHELD.
ST. 3: DIE GROOT TREK.
ST. 4: DIE FRANSE HUGENOTE.
ST. 5: Dié klas het die belangrikste gebeure daagliks goed dopgehou in die koerante (hoofopskrifte), op T.V., radio en in *Die S.A. Oorsig*, wat weekliks verskyn.

Vroeg in Oktober is die finale opstelle toe oor die volgende spesifieke onderwerpe geskryf:

ST. 2: 'N KINDERHELD WAT EK BAIE BEWONDER. VERDUIDELIK WAAROM.
ST. 3: HOE HET DIT DAN GEBEUR DAT ONS (BLANKES) VANDAG IN PRETORIA WOON?
ST. 4: WAAROM IS DAAR VANDAG SO BAIE MENSE MET FRANSE VANNE IN ONS LAND?

Die Standerd Vyf's het terselfdertyd 'n 50-punt vraestel geskryf.


Die opstelle was van hoë gehalte en die volgende leerlinge het met die boekpryse weggeloop:



ST. 2: WALTER JOHANNES FOURIE.



ST. 3: CHRISTINE WILLERS.



ST. 4: GERHARD MAREE.

Maar kom ons kyk na 'n kort uittreksel uit elkeen se wenopstel:

"Skielik het iets met Piet Uys se geweer verkeerd gegaan. Hy het gaan staan om dit reg te maak, en is toe deur 'n assegaai in die heup gewond. Hulle het deurgedruk tot by Rietspruit waar Dirkie se pa weer sy bewussyn verloor het. Uys het vir Dirkie gesê . . ."


– WALTER FOURIE: ST. 2.

"DIE GROOT TREK . . . was 'n gebeurtenis van deurslaggewende belang in die geskiedenis van Suid-Afrika. Binne 'n kort periode van 20 jaar het die Groot Trek die Noordgrens van Suid-Afrika van die Oranjerivier na die Limpoporivier verskuif . . ."

– CHRISTINE WILLERS: ST. 3.

"Die invloed van die Hugenote aan die Kaap word dikwels oordryf. Hulle het die bevolking versterk, en hulle was goeie mense, maar voor hul koms was die wynbou klaar gestig aan die Kaap. Hul deursettingsvermoë en aanpassing by vreemde en moeilike omstandighede het egter die Kaapse bevolking baie beïnvloed."

– GERHARD MAREE: ST. 4.



"Die Kompetisie Vir Eietydse Gebeure vir die Standerd Vyfs is deur JOHANNES HOFMEYR gewen met 'n persentasie van 96%!

Hieronder volg 'n klompie van die vrae waarvoor Johannes volpunte gekry het. Hoe sou julle gevaar het?

**Na wie of wat verwys die onderstaande stellings? Waaraan laat dit jou dink?**

37. 'n Hidro-elektriese projek in Mosambiek.
38. Resolusie 435.
39. Mossgas.
40. Ons enigste wêreldbokskampioen.
41. Die Helderberg.
42. Die leier van Unita in Angola.
43. 'n "Weerstandsbeweging" in Suidwes-Afrika.
44. 'n Belasting wat vervang gaan word.
45. 'n Groot ramp wat die Vrystaat, Noord Kaapland en Natal getref het.

**Bestudeer hierdie spotprent en beantwoord dan die vrae.**




Beeld

46. Wat is "Pik" se van?
47. Hy is minister van?
48. Wat is "Magnus" se van?
49. Watter amp beklee hy?
50. Na watter LAND is hulle op reis?

**PROF. JOHAN OLIVIER**
**VOORSITTER: KULTUURKOMITEE.**

* Namens die redaksie baie geluk aan alle PRYSWENNERS. Ander Ouerverenigings kan gerus van hulle laat hoor!